NOTULE VAN DIE UITVOERENDE KOMMISSIE VAN DIE S.A.S.K. GEHOU OP 18 JANUARIE 1951.

TEENWOORDIG: Ds. W.R. de Kock en die Sekretaris. Ds. P.N.V. de Lange is ongelukkig afwesig in Kaapstad.

1. BEROEP VAN 'N SENDELING TE WITZIESHOEK:

Die Sekretaris lê die nominasielys voor en uit die genomineerdes word gekies Eerw. J.M. de Beer van Theunissen. Besoldiging sal dieselfde wees as aan Dr. Badenhorst gegee.

2. SALISBURY:

Eerw. C. Smith wat beroep was, het bedank. Nadat die hele situasie daar bespreek is en daar gewys is op die moontlikheid dat een van ons sendelinge uit Noord-Rhodesië 'n verandering sal moet maak na Suid-Rhodesië, besluit die Kommissie dat daar nie nou 'n beroep sal uitgebring word nie, maar dat hierdie aangeleentheid verwys sal word na die Raadsitting te Madzimoyo vir behandeling. Intussen sal die leke-arbeider voortgaan met die werk in Salisbury.

3. BEGROTING:

Die Kommissie beskou dit as noodsaaklik dat, waar die moontlikheid bestaan dat verhoogde lewenskoste betaal sal moet word aan Sendingwerkers(sters) en aan Buiteposonderwysers, ten minste £3,500 sal moet besnoei word.

Die Voorsitter sluit die vergadering met gebed.

.....
VOORSITTER.

.....
D.v.d. Merwe.
.....